

19 Augustus

Skrifgedeelte: Galasiërs 1:1-24

Fokusgedeelte: Galasiërs 1:11-12

Die evangelie is betroubaar

Daar word beweer dat Paulus al te voorbarig was. Deesdae verwys talle mense smalend na die apostel as die een wat te veel van homself gedink het. Sekere uitsprake wat Paulus in Galasiërs maak, gee aanleiding tot hierdie kritiek. Enkele voorbeelde is: “Dat ek ‘n apostel is, dank ek nie aan mense nie...”; “...as iemand aan julle ‘n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat julle ontvang het - die vloek van God sal hom tref!”; “...in die Joodse leer het ek onder my volksgenote bo baie van my leeftyd uitgestyg”; “...hulle het God oor my verheerlik”; “Ek het my dan ook steeds vir hierdie liefdesdiens beywer”; en “Ek smeeke julle, broers: Word soos ek”. Smalende verwysings word ook oor ander geskrifte van Paulus gemaak.

Paulus moes destyds in die gemeente van Galasië onder soortgelyke kritiek deurloop. Kwaadstokers het die gemeente teen Paulus en sy boodskap opgestook. Dit is juis vanweë hierdie kritiek dat Paulus die brief geskryf het. Teen hierdie agtergrond moet ons Galasiërs 1:11-12 verstaan: “Dit moet julle goed besef, broers: die evangelie wat ek verkondig, is nie deur ‘n mens uitgedink nie ...”.

Wie die Bybel opreg lees, besef dat die evangelie nie deur mense uitgedink is nie. Die evangelie is nie ‘n stuk eerbiedwaardige tradisie wat van geslag tot geslag oorgedra is nie. Nog minder is dit ‘n produk van menslike ervaring en wysheid wat in die vorm van leerstellings sy neerslag gekry het. ‘n Opregte gelowige besef ook dat sy eie natuur, kennis en insig, deur die sonde aangetas is, en dat hy dit daarom hoegenaamd nie as meetinstrument bo die Bybel kan stel nie. Aanvaar jy dat God in die Bybel aan die woord is? Luister jy as God praat – selfs al gaan dit teen jou eie grein in?. Voel jy hartseer en diep ontsteld as mense die Woord nie wil aanvaar nie?. God wil sy onbegryplike genade deur sy Woord en Gees ook jou deel maak.

Sing: Psalm 119:39

Prof FP Viljoen (Potchefstroom)